

Vrydag 3 November

Skrif- en Fokusgedeelte: Openbaring 11

Is die toekoms van die kerk dan so donker?

Johannes sien dat die tempel gemeet word. Dit het nie betrekking op die tempel in Jerusalem nie, maar wel op die kerk ná die hemelvaart van Christus. In Matteus 24:10 het Jesus oor die groot afval gepraat. As die tempel nou gemeet word, moet die voorhof weggelaat word. Die kerk word 'n krimpende kerk, omdat die “voorhofchristene” finaal voor 'n keuse gestel word. Jy is vir Christus of teen Christus.

Vandag word God en sy Woord op baie terreine teruggedruk: in ons skole, ons parlement, ons ekonomie, ons politiek. Tog gaan die getuienis voort. Die twee getuies is soos twee olyfbome wat voortdurend tot die olie van die Gees toegang het. Die vyandskap word egter sterker sodat ook hierdie getuies stilgemaak word. Hoe graag wil mense die stem van die Skrifgetroue kerke stil maak! Die “bewoners van die aarde” (die ongelowiges) verheug hulle daaroor, maar God red ook die getroues!

Wanneer die sewende trompet blaas (Op. 11:15-19), breek die oordeel aan. Die vier en twintig ouderlinge, die kerk in die hemel, sing daaroor, maar die ongelowige nasies is woedend omdat die tyd van God se geduld verby is.

Sorg tog dat jy nie maar 'n meeloper is wat as “voorhofchristen” sonder oorgawe aan die Here wil lewe nie! Gaan voort met jou getuienis en moenie bang word nie! Jy is mos in God se diens!

Sing: Psalm 31:1, 3

Dagstukkies Almanak 2003